IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N04/2/ABAFR/SP1/AFR/TZ0/XX/T

88042205

**AFRIKAANS B – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS B – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 2 November 2004 (morning)
Mardi 2 novembre 2004 (matin)
Martes 2 de noviembre de 2004 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1.
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N’ouvrez pas ce livret avant d’y être autorisé(e).
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l’épreuve 1.
- Répondez à toutes les questions dans le livret de questions et réponses fourni.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos para la Prueba 1.
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

**TEKS A**

# NAELBYT-REEKS BEGIN




❶ Dit sal my nie verbaas as Donderdagaande binnekort as nag van die *Vleisvreters* bekend word nie. *Plek van die Vleisvreters* het nie net die regte mengsel van intrige en drama nie. Die akteurs is 'n verfrissende kombinasie van oud en jonk, asook van ervaring en nuwe talent wat volop in hierdie land is.

❷ Verhaal speel hom af op Granietfontein, 'n wildplaas êrens in die noorde van Suid-Afrika. Die plaas behoort aan Bertus du Toit (Hans Strydom).

❸ Die verhaal begin waar Bertus se twee seuns, Rudolph (Hykie Berg) en Bertie, Russiese roulette speel. Bertie, Bertus se gunsteling, verloor die spel en kry 'n koeël in die kop. Rudolph word summier onterf.

❹ Hierdie verwikkeling gee Bertus se jaloerse twee broers, Jaap (Richard van der Westhuizen) en Frans (Tertius Meintjies), die kans om eendag die plaas te erf.

❺ Om seker te maak hulle slaan wel hul kloue in die plaas, betaal hulle 'n jong meisie, Liza (Nicola Hanekom), om Bertus te verlei. So begin die leuens en manipulasie wat 'n lyk of twee gaan oplewer en vir spanning en drama uit die boonste rakke sal sorg.

❻ Die talentvolle jong rolverdeling bestaan uit onder andere Berg, Kim Nicholas en Christel van den Berg wat vir die eerste keer op die skerm verskyn.

❼ Die draaiboek vir *Plek van die Vleisvreters* is deur Chris Vorster geskryf. Gerrit Schoonhoven, ervare in die teater- en rolprentbedryf, behartig die regie.

❽ Dit sal my nie verbaas as hierdie reeks nog gewilder as *Song vir Katryn* raak nie.





**TEKS B**



# NUUS UIT NIEU-BETHESDA

## Sonja Boesak is 'n wêreld-burger wat 'n holte vir haar voet in die skilderagtige Nieu-Bethesda in die Karoo gevind het.

❶ **Vertel meer oor jouself**

My groot liefde is musiek - ons gesin het ons eie blaasorkes en 'n koor! Ek is Stellenbosch toe om musiek te bestudeer, maar ek het in die filosofieklas beland. Min dinge pla my, hoewel oneerlikheid en minagting my op hol jaag.

❷ **[— *X* —]**

Ek werk as media-navorsingskonsultant in die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie vir maatskaplike ontwikkeling. Ek is ook deel van 'n Afrika- en wêreldwye netwerk van vroue-organisasies vir tegnologiese ontwikkeling. Dis 'n dol, besige wêreld met baie projekbeplanningsessies en voorleggings by die Verenigde Nasies oor beleidskwessies.

❸ **[— 8 —]**

Met my terugkeer na Suid-Afrika (na 'n verblyf in Brittanje) het ek besluit om asem te skep voordat ek weer sou begin werk. Ek en my reisgenoot het eers in Kaapstad gebly, maar die stadsgewoel was te erg. Toe pak ons die motor en ry in die rigting van die wind. Ons het eers op Oudtshoorn gekuier en toe die pad gevat Oos-Kaap toe. Op Hogsback het ons oornag voor ons Johannesburg toe vertrek het. Op pad daarheen het ons by die stowwerige grondpad na Nieu-Bethesda ingedraai. Binne 'n uur het ons begin soek na meer as net oornagverblyf. Ons is nou nog hier.

❹ **[— 9 —]**

Die grootste verskil is die rustigheid en stilte. Die gejaag is minder en my roetine is heeltemal anders. Ek staan vroeg op om die hoenders en Muis, die kat, kos te gee en gaan haal water by die tenk. Daarna sit ek buite en drink die eerste koppie tee voor die dag begin. My rekenaar reël nie meer my ritme nie. Die "gewone" goed is nie hier nie - geen winkels, flieks of ander soort vermaak nie. Een maal per week ry ons Graaff-Reinet toe om inkopies te doen en 'n draai by die biblioteek te maak. Mense groet mekaar op straat en kuier oor en weer.

❺ **[— 10 —]**

Nee. Daar's nie baie lande wat in die spieël kan kyk en hou van wat hulle sien nie. Ons is in ons tiende jaar van demokrasie en die land het nie ten gronde gegaan nie. Ons het eerder heelwat om te vier.

**TEKS C**

# SUID-AFRIKA VEILIGER BESTEMMING, GLO TOERISTE



❶ ”Die indrukke van die vroeë en middel-1990’s dat Suid-Afrika ‘n uiters gevaarlike plek vir reisigers is, het begin verander. Ons het daaraan gewerk om dit om te keer en nou word Suid-Afrika as een van die veiliger plekke in die wêreld beskou.”

❷ Só het mnr. Valli Moosa, Minister van omgewingsake en toerisme, gister gesê op die Toerismesakeraad van Suid-Afrika se jaarvergadering in Sandton.

❸ Dr. Dawie de Villiers, adjunk-sekretarisgeneraal van die Wêreld-toerisme-organisasie en die gasspreker, het gesê mense het geleer om in ‘n “onseker wêreld” te leef en te reis.

❹ ”Reisigers raak nie sommer meer paniekerig en kies die hasepad wanneer inligting oor ‘n nuwe voorval die hoofopskrifte haal nie. Hulle het meer volwasse geword en besluit deesdae self waarheen en wanneer hulle wil reis.”

❺ Hy het verder gesê dat elke land ‘n krisisbestuurstrategie vir toeriste behoort te hê, sodat daar vinnig en doeltreffend met hulle gekommunikeer kan word indien iets gebeur.

❻ Moosa het die amptelike toerismesyfers vir 2003 bekend gemaak wat ‘n styging van 1,2% toon in die totale aantal besoekers aan Suid-Afrika (6,5 miljoen).

❼ Die aantal oorsese besoekers het met net 4,2% gestyg. Moosa het dit toegeskryf aan die swak prestasie van die internasionale toerismebedryf die afgelope jaar - onder meer weens die oorlog in Irak en die uitbreek van ernstige akute respiratoriese sindroom (ears).

❽ Moosa het beklemtoon Suid-Afrika moet volhou om sy mededingende voordeel te behou as waarde-vir-geld-bestemming. Die sterker rand, asook die buitensporige restaurantpryse in Kaapstad, het buitelandse besoekers begin afskrik.

❾ Buitelandse besoeke uit Frankryk, Duitsland, Brittanje, Kanada en Amerika het met 3%-14% toegeneem. 20% meer Indiërs het kom kuier. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan die Wêreldbeker-kriekettoernooi en die Internasionale Indiese Rolprenttoekennings wat in 2003 in Suid-Afrika gehou is. Heelwat minder Japanese toeriste het die land besoek (18,5% minder as in 2002) grootliks weens die ears-epidemie.

Blank page
Page vierge
Página en blanco

**TEKS D**

# Kanse teen die **KRANSE**




❶ Knysna is poskaartmooi met sy asemrowende natuurskoon en dobberende bote op die strandmeer. Laasgenoemde se monding in die Indiese Oseaan is tussen twee kalkklipformasies, Die Koppe. *Seal Adventures* se aktiwiteite vind op die westelike Kop, asook in die Featherbed-natuurreservaat, plaas.

❷ Ons groot avontuur gaan bestaan uit kanovaart, voetslaan, abseil en vierwielmotorfietsry. Die *Seal*-span is vriendelik genoeg, maar stel hulself nie aan ons voor nie en verduidelik nie die reisplan nie. Ons is in die hande van ‘n paar knape wat skaars hul tienerskoene ontgroei het.

❸ 


By die Knysnastrandmeer kry ons gebottelde water en reddingsbaadjies voor ons in die twee-man kano’s vertrek. Persoonlike besittings word in waterdigte emmers gepak. By ons bestemming word die kano’s onder die melkhoutbome gebêre en word abseil-harnasse en seemsleerhandskoene uitgedeel. Alhoewel die harnasse lastig is, is die staptog van twee kilometer nie te erg nie.



❹ Ek is by die groep wat eerste gaan abseil. Volgens die brosjure kan jy verskillende opsies kies, nl. 30m, 55m en 121m. Ek het aangeneem ‘n mens begin laag, maar die instrukteur het net gelag. “Met hierdie pakket kry jy twee spronge van die 121m-lysie af.”

❺ Jy word eers gewys hoe om jou lyf, voete en hande te gebruik om met behulp van die hooftou teen die krans af te seil. Die heel ergste is wanneer jy oor die heining geklim het en hulle van jou verwag om agteroor te leun, die tou vas te gryp en eenvoudig ‘n tree ondertoe te gee. Ek probeer my uit die ding praat, totdat die tienderjarige instrukteur met ‘n blaf laat hoor: “Kyk vir my en stoot jouself met albei voete om af te spring.”





❻ Ek sukkel. Jy is veronderstel om te ontspan en die touspanning te verslap, meer ek kan om die dood nie in die ritme kom nie. Een van die spanlede gryp my jelliebene toe ek onder kom en ek is baie verlig.

❼ Ek is dol op die vierwielmotorfietse wat jy gou op die kronkelende grondpaadjies deur die fynbos leer hanteer. Dit pla jou tog dat jy soveel stof in die natuur opskop.

❽ Ons stap later terug na waar die kano's wag. Was dit alles die moeite werd? Die *Seal*-span se kommunikasie met kliënte is swak en 'n bietjie meer inligting oor Knysna en die natuurreservaat sou nuttig wees. Maar as ontsagwekkende ervaring kry die vyf ure van aksie, volpunte.

